

Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

'n Volksbeweging is deel van ons Boeretradisie.



Die



Die Partystelsel is 'n produk van die Britse tradisie.

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 25 FEBRUARIE 1942. No. 16.

Onwaarhede Aan Die Kaak Gestel Van Twyfelagtige Dokument

Lompheid van Bykomende Motief Werp Ongunstige Lig op Dr. Malan

Bevinding van Ondersoekkommissie

Die volgende is die bevinding en verslag van die Kommissie van Ondersoek wat aangestel is om ondersoek in te stel insake die klagte teen adv. J. D. Jerling. Die verslag is opgestel en geteken deur die voorsitter van die Kommissie, oud-regter C. L. Botha, voormalige Regter-President van die Oranje Vrystaat:—

Dit is 'n kommissie wat aangestel is om te ondersoek of genoegsaam getuienis bestaan om die klagte teen adv. Jerling te verwys na 'n dissiplinêre hof van die Ossewabrandwag. Die klagte is vervat in 'n beëdigde verklaring wat voorgegee word deur Johannes van der Walt gemaak is en wat op 'n opsienbare wyse deur dr. Malan in die Parlement openbaar gemaak is. **Uit 'n juridiese oogpunt beskou maak die samestelling van die dokument 'n onaangename indruk,** maar ons sal later weer op hierdie punt terug kom.

In die aanhef daarvan gee Van der Walt sy redes waarom hy by die Ossewabrandwag aangesluit het; dit is omdat hierdie liggaam die aksiefront van die Afrikanervolk verteenwoordig. Dan word verklaar dat sowel dr. Van Rensburg as adv. Jerling 'n eed geneem het met 'n bloedvingerafdruk dat hulle geen Afrikaner sou verraai aan die vyand nie. Die eed sou dan in Van der Walt se teenwoordigheid geneem gewees het. Dr. Van Rensburg en adv Jerling ontken albei dat hulle ooit so 'n eed in Van der Walt se teenwoordigheid geneem het. Hulle verklaar altwee dat met of sonder eed hulle nooit 'n mede-Afrikaner verraai het of aan die vyand sal uitlewer nie. Dr. Van Rensburg verklaar verder dat hy slegs een eed, naamlik dié op Kroonstad, toe hy ingesweer is as Kommandant-generaal, en dit in teenwoordigheid van duisende aanwesiges, geneem het. Albei verklaar dat hierdie storie van die eed wat hulle in die teenwoordigheid van Van der Walt sou geneem het, 'n hersenskim van hom moet wees — of van die persoon wat verantwoordelik is vir die opstel van die dokument. Vervolgens sê die verklaring dat Van der Walt teenwoordig was toe adv. Jerling bevel gegee het aan 'n ondergeskikte persoon in **November 1941** om Robey Leibbrandt uit te lewer aan die polisie en om om sy teenwoordigheid in Suid-Afrika aan die Regering te verraai. Die ondergeskikte persoon word nie genoem nie. Hy kon dus nie geroep word as getuie om die bewering te staaf of te loënstraf nie. Adv. Jerling bestempel die beskuldiging as 'n booswillige leuen. Daar dien opgemerk te word dat by ons ingelewer is „Die Transvaler" van **15 Oktober 1941,** die „Star" van 16 Oktober, en die „Sunday Express" van 19 Oktober, **waarin aan die wereld bekend gemaak word dat die polisie op soek na Leibbrandt was, dus ongeveer 'n maand voordat Jerling die geheim van sy teenwoordigheid in Suid-Afrika sou wou verraai.** Buitendien is daar voor ons getuienis afgelê dat die polisie al in Augustus op soek was na Leibbrandt. **Desnieteenstaande verklaar Van der Walt dat hy weet dat as gevolg van hierdie bevel Leibbrandt se teenwoordigheid in Suid-Afrika aan die Regering verraai is en dat hy daarna 'n vlugteling geword het.**

Eerstens sê hy nie hoe hy dit weet nie; ons kan dus nie die bewering toets nie, en tweedens is dit klaarblyklik onsin, want sedert die 15de Oktober wis die hele wêreld dat die polisie op soek was na Leibbrandt; sodat hy 'n vlugteling was **voordat** die beweerde bevel gegee was. Sowel Jerling as Van der Walt en die ondergeskikte persoon moes dus geweet het dat sodanige geheim nie bestaan het nie. Dit is duidelik dus dat hierdie beskuldiging ontbloot is van alle grond. By die opstel van hierdie beskuldiging moes Van der Walt of sy mondstuk gely het aan 'n geheue-verlies.

FEITE SPOT DAARMEE

Die verklaring gaan verder voort om te sê dat al voorheen Jerling 'n verklaring aan die Regering gemaak het as gevolg waarvan Assist.-kommandant-generaal Michiel Botha van die O.B. geïnterneer is. Die deponent sê hy het geen skriftelike bewys vir die bewering nie, maar hy lei dit af uit gesprekke met Jerling, omdat Botha in Jerling se pad was by die aanstelling van 'n Assist.-kommandant-generaal. **Hierop is die antwoord dat toe Botha geïnterneer was, daar nog nie 'n benaming van Assist.-kommandant-generaal bestaan het nie. Die rang was toe bekend as Adjudant-generaal, en die persoon wat hierdie pos in Transvaal beklee het was oerw. Kruger van Nelspruit.** Die besluit om die nuwe benaming in te voer is geneem enige maande daarna; trouens verkeer Van der Walt in 'n dwaling as hy Botha beskryf as Assist.-kommandant-generaal. Sy rang is Hoof-generaal, en dit was ook die rang van Jerling toe Botha geïnterneer is. **Daar is ook getuienis dat Jerling in die Beheerraad van Transvaal gekies is as voorsitter en Botha as vise-voorsitter. Later, 'n geruime tyd nadat Botha geïnterneer was, is Jerling op versoek van die Beheerraad, deur die Grootraad aangestel as Assist.-kommandant-generaal.** Origens is getuienis voor ons afgelê dat die band van vriendskap tussen Botha en Jerling tot vandag toe nog bestaan. 'n Brief van Botha gedateer 16 Januarie 1942 aan Jerling is by ons ingedien. Die bewering word deur Jerling beslis ontken.

Dis is byna nie nodig om in te gaan op die bewering dat adv. Jerling die Minister van Justisie besoek het en dat daar korrespondensie met die Minister was nie. Adv. Jerling se antwoord is dat hy die Minister 'n paar maal gesien het as advokaat, en met medewete van die offisiere in verband met die internering of gevangenis-name van O.B.-lede wat hy verdedig het: dat dit altyd met die doel was om hulle ontslag te bewerkstellig of 'n vermindering van straf te verkry. **Die korrespondensie is voor ons gelê en daaruit blyk duidelik dat die klagte vals is en niks anders is as kwaadwillige giftsuiery nie.**

Die beskuldiging dat Jerling O.B.-gelde sou gebruik het in 'n vakansie na die Wildtuin, berus op die feit dat Van der Walt as O.B.-offisier saam met Jerling gegaan het op 'n organisasiereis van Johannesburg na Nylstroom, Pietersburg, Munnik, Louis Trichardt, Nelspruit, Lydenburg, en Belfast, deur die Wildtuin. **Die gesertifiseerde eis vir reiskoste en onderhoudstoelae deur die kantoor bewaar vir ouditeurs-doeleindes is aan ons voorgelê. Hieruit blyk dat afgesien van die toelae vir die myl-afstand (1,425 myl) die bedrag aan Jerling uitbetaal is vir onderhoudstoelae die som van £4-8-6 beloop; dit is vir twee persone vir vyf dae. In die vyf dae is sewe plekke besoek en vergaderings gehou. Daar was dus geen geleentheid vir vakansie nie. Die kortste pad van Louis Trichardt na Nelspruit loop deur die Wildtuin. Wat wel waar is, is dat Van der Walt en Jerling privaat vir hul verversings betaal het. Daarvan het Van der Walt die helfte betaal. Met 'n halwe waarheid probeer hy om Jerling te beklad.**

Die beskuldiging dat Jerling Van der Walt aangspoor het om 'n kollega te vermoor, word ontken, en ons beskou die klagte as eenvoudig onwaar.

In die omstandighede vind ons dat die beskuldiging ontbloot is van alle grond.

MISLEIDENDE METODE

Maar daarmee is die saak nog nie afgehandel nie. Vir iedere opgevoede persoon moet dit duidelik wees dat die vorm van die verklaring tendensieus is. **Dit laat 'n mens dink aan beëdigde verklarings wat somtyds deur sommige prokureurs opgestel word namens hul kliënte om in die Hof ingelewer te word, om, indien moontlik, 'n gunstige indruk te maak op die Regbank.** Feite word gemeng met argumente sodat vir 'n leek dit somtyds moeilik is om te onderskei wat feite is en wat argument is. Hoewel die taktiek nooit kans het op sukses voor 'n regbank, word dit tog dikwels probeer. **In hierdie geval het die opsteller natuurlik geweet dat die**

(Vervolg op bls. 2.)

Partypers Betig Duitsland van Inmenging in Suid-Afrikaanse Sake

Hoop egter om Beskuldigings later as Valshede te kan Voorstel

Die Transvaler van 2 Februarie doen in sy hoofartikel 'n aanval op Duitsland wat hom dan sou inmeng met Suid-Afrika se huishoudelike aangeleenthede. Die blad het dit glo oor sekere uitsendings uit Zeesen wat, te oordeel na Die Transvaler se woede, glo nie wil erken dat dr. Malan deur sy eie partykongres tot volksleier uitgeroep is nie, en nou kant kies vir 'n volksbeweging teen dr. Malan se party.

Die Transvaler troos hom dan met die versekering dat die Duitse leiers ná die oorlog „hulle wel sal vergewis van die valse indrukke waaronder hul ondergeskiktes intussen gebring is." Die hoop word natuurlik hier gekoester dat die „beproefde volksleier" in staat sal wees om die Duitse leiers net so 'n rad voor die oë te draai as wat in die geval van die O.B.-lede geprobeer is.

Die blad praat natuurlik in terme van 'n Duitse oorwinning. Ons wil die vraag stel dat. veronderstel Duitsland wen die oorlog, en die Duitse leiers sou hulle kom vergewis van die ware feite, hoe sal dr. Malan en Die Transvaler daarin slaag om aan hierdie manne te verduidelik dat

(1) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan oorlog teen die Ossewabrandwag verklaar het **omdat laasgenoemde nie bereid was om oorlog te verklaar teen die nasionaal-sosialisme nie?**

(2) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan die Ossewabrandwag die oorlog aangesê het **omdat sy leier 'n „uitgesproke nasionaal-sosialis" sou wees?**

(3) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan gesê het **dat Duitsland graag 'n rebellie in ons land wil sien?**

(4) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan die Ossewabrandwag by die Regering aangekla het **omdat hy dan 'n rebellie teen die Britse Empire sou voorberei?**

(5) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan die partystelsel of demokratiese stelsel wil handhaaf, **hoewel Duitsland juis vir die vernietiging van daardie stelsel veg?**

(6) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan se pers Duitsland **van inmenging in Suid-Afrika se binnelandse aangeleenthede betig het?**

(7) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan in die Volksraad gesê het dat as Duitsland wen, **hy die Unie sal annekseer?**

(8) dit 'n valse indruk is dat dr. Malan en sy pers mense vir Duitse Sappe uitgemaak het **wat geweier het om hulle die vyandskap van Duitsland oor die hoof te haal?**

Indien hulle in staat sal wees om slegs hierdie paar „valshede" aan die kaak te stel, bestaan daar 'n skrale hoop dat hulle deur die Duitse leiers om die hals geval sal word.

Miskien sal hulle minder hoopvol wees as hulle in herinnering roep dat hulle ook die Ossewabrandwag eenmaal van inmenging in hul aangeleenthede betig het, en dit is nog nie vergeet nie, ondanks die geloof dat „die volk gou vergeet."

SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS vir die gesalarieerde man verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

Raadpleeg Sasbank.

PAARL:

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD:

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER:

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN

DAMES-ROKKE

besoek

Steyns

PAROW SE

NUWE MODERNE SAAK.

Onwaarhede Aan Die Kaak Gestel

(Vervolg van bls. 1.)

dokumente nie na 'n geregshof gaan nie. Hy het derhalwe ten volle gebruik gemaak van hierdie metode van bewuste misleiding. Om 'n voorbeeld te noem: die verklaring lui dat Van der Walt geen bewys daarvoor het nie, maar hy maak die **gevolgtrekking** uit wat Jerling gesê het, dat hy Botha verraai het. **'n Regbank sou wil weet wat die gesprekke was, wat gesê was, om uit te vind of Van der Walt se gevolgtrekkinge juis is.**

Nog net 'n ander voorbeeld: hy sê: „Na aanleiding van sy hele optrede in my saak, en gesprekke wat hy gevoer het met my, asook gesprekke wat ek gevoer het met die speurders, ens., het ek tot die volslae oortuiging geraak dat hy informasie aan my onbekend, aan die polisie verskaf het wat tot my internering gelei het." **Die gesprekke word nie gegee nie. Van der Walt verwag van die Afrikanervolk dat hulle 'n Afrikaner moet veroordeel op gevolgtrekkings, nie op feite nie, en dan nog op gevolgtrekkings van iemand wat klaarblyklik vyandig is teenoor Jerling.** Die beskuldigde moet beoordeel word op losse bewerings, argumente en gevolgtrekkings van die aanklaer. Maar die beskuldiging van verraad is aan die wêreld uitgesaai in die hoop dat die volk nie genoegsaam nadenkend sal wees om te vra op watter grondslag die beskuldiging rus nie. Die verklarings gee voor dat dit deur Van der Walt gemaak is. **Uit die verklaring blyk dat daar 'n bittere vyandskap teenoor Jerling bestaan. Sou dit nou regverdig wees om die gevolgtrekking van 'n vyand uit gesprekke wat nie bekend gemaak word nie, te aanvaar as bewys van skuld?**

Ons lê nadruk op hierdie punt omdat ons verbaas is dat dr. Malan, 'n leier van die Volk, hierdie verklaring op so 'n dramatiese manier gebruik het om adv. Jerling te beklad, met die bedoeling dat dit sonder meer geglo moet word. Hy is gevra om getuienis af te lê voor hierdie kommissie. Sy antwoord is dat „die onderlinge twiste van O.B.-offisiere interesseer my nie." Maar dit is nie 'n onderlinge twis nie. As die beskuldiging waar is dan is Jerling onbevoegd om offisier te bly. Daar moet dus 'n suiweringsondersoek gedoen word. Volgens ons opvatting was dit dr. Malan se plig om die bestuur van die O.B. behulpsaam te wees om 'n suiwere Afrikanerbeweging te bewaar teen **alle onreëlmatighede.** Sy weiering noodsaak ons om te ondersoek met watter doel hy gebruik gemaak het in die Parlement van hierdie dokument, wat hy as eerlike man tog nie sonder meer kon aanneeem as die waarheid nie.

DIE MOTIEF

Ons dink die doel van die gebruik van die dokument deur dr. Malan, was nie net om adv. Jerling te tref nie. Jerling beklee nie so 'n vername posisie in die land dat dit nodig is om die volk teen hom in die Parlement te waarsku nie, en nogal so opsienbaar.

Die sleutel van die geheim is deur dr. Malan self verraai. Hy sê die dokument is eg omdat 'n GEDEELTE daarvan deur Van der Walt self geskryf is. WIE HET DIE ANDER GEDEELTE GESKRYF? En waarom was dit gegeskryf? Was dit omdat wat Van der Walt self gesryf het nie doeltreffend was vir die doel waarvoor die dokument gebruik moes word nie? Die tendensieuse toon van die verklaring maak dit byna seker dat 'n prokureur 'n hand gehad het in die samestelling daarvan. Wie anders moes getref word behalwe Jerling? Net een ander naam is genoem in die verklaring. Dit is dr. Van Rensburg, Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag. Hy word genoem in verband met die bloedvingerafdruk-eed. **Maar al sou hy dit geneem het, dan strek dit hom tot eer, want dit is 'n eed om sy volk nie te verraai nie.**

'n Tweede maal word hy indirek (nie by naam nie) genoem in verband met 'n bewering dat Jerling sou gesê het dat Leibbrandt verraai moet word omdat die O.B.-leiding dit nodig ag.

Ten derde maal word hy genoem waar Van der Walt sê dat hy gevoel het dat daar sterk druk op Jerling deur dr. Van Rensburg uitgeoefen is ten opsigte van Leibbrandt. Vir hierdie indruk meld Van der Walt geen ander bewys as die beweerde gesegde van Jerling omtrent O.B.-leiding-druk.

As dit dr. Malan se doel was om dr. Van Rensburg te veroordeel dan moes hy tog ten minste 'n poging gemaak het om uit te vind of Jerling wel erken dat hy so iets aan Van der Walt gesê het. Hy kan tog nie so onregverdig en roekeloos wees om eenvoudig omdat Van der Walt sê hy „voel dat sterk druk op Jerling uitgeoefen was deur Van Rensburg", dr. Van Rensburg te veroordeel en in die ban te doen nie.

Dit het blykbaar die persoon wat Van der Walt gehelp het om die dokument op te stel, ook gevoel. Daar was nie genoeg van dr. Van Rensburg gesê nie. Daarom is dit dat die laaste paragraaf van die verklaring by die hare moes ingesleep word. Tot op daardie tydstip het die verklaring toepaslik geloop oor die wandade van Jerling. Nou, meteens, sonder 'n tittel van bewys, sommer uit die lug word verklaar: „Van 'n Boereleier soos dr. Van Rensburg voorgee om te wees, verwag 'n mens nie dat hy in die hande van die Regering sou speel nie soos blyk (sic) uit sy verradelike optrede teenoor Leibbrandt". Bou dr. Malan sy saak teen dr. Van Rensburg op hierdie paragraaf? So ja, dan verkeer die volk se saak voorwaar in 'n treurige toestand. Dit het in dr. Malan se eie hande gelê om hierdie verdagmaking teen hom te keer. Hy het geweier om ons in hierdie ondersoek te help. WAAROM?

Namens die Kommissie,

(Get.) C. L. BOTHA,

Voorsitter.

DIE GOEIE HOOP

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

VIR

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

JOHN BROCKMAN EN KIE SE

Wingerdswawel — Meta — Glensel — Loodarseniek — Black Leaf 40" en 155 Snoeiskêre — Wingerdskêre, ens.

Optrede Teen Pers Beoog Geen Vernietiging nie Dog Redding

Die volgende verduideliking word deur die sekretaris van die Kaaplandse Beheerraad gedoen:

In verband met die beleid van die Ossewabrandwag ten opsigte van die Nasionale Pers Beperk, bly daar nog aansienlike verwarring bestaan wat grotendeels te danke is aan kwaadwillige propaganda. Laat daar nou vir eens en altyd duidelikheid wees. **Die Nasionale Pers Beperk moet nie vernietig nie maar gered word. In die hande van partypolitici het dit ontaard in 'n onderneming wat teen die volksbelange werk en dus ook uiteindelik homself sou verongeluk het. Om die direksie tot besinning te bring word tans opgetree teen die uitgawes van die Nasionale Pers** soos genoem in „Die O.B." van 18 Februarie. (Let wel: Daar is geen optrede teen Die Kerkbode, Afrikaanse boeke waaruit die skrywers winste trek of skool- en universiteitsboeke nie. Gerugte hiervan kom uit die partypers en van party-denkers.)

Hierdie optrede ten behoewe van die volk, en in die laaste plek ook ten behoewe van die Pers self, kan alleen slaag as elke O.B.-lid dit 'n saak van eer maak om op te tree volgens die beleid neergelê deur die Kaaplandse Beheerraad. Hoewel geen uitdruklike bevel in hierdie verband uitgereik word deur die Kaaplandse Hoofkwartier nie, word 'n beroep gedoen op die gewete en trou van O.B.-lede en O.B.-vriende en word hulle ten sterkste aanbeveel om onmiddellik en daadwerklik op te tree ten spyte van die opofferings wat hulle hulself sal moet getroos. Nòg die lewe, nòg die vryheid van sy lede word in hierdie saak as offer deur die O.B. geëis, slegs 'n mate van ongerief in diens van die vaderland. **Deur aktiewe inskakeling by die neergelegde beleid van die O.B. sal die Nasionale Pers sowel deur morele dwang as deur finansiële verlies wat alte dikwels deurslaggewend is, tot beter insigte gebring word.**

Ons wil vertrou dat O.B.-lede hierdie saak in so 'n mate sal aanpak dat die vrugte nie lank sal uitbly nie, nl. dat die Pers sy onsmaaklike en persoonlike stryd teen ons organisasie sal staak. Dan sal ons alte dankbaar wees om weer ons volle ondersteuning aan die Pers te gee soos aan alle ander Afrikaner-ondernemings. **Ons sou selfs geen beswaar hê indien die Pers die O.B. op beginselsake bestry nie, maar wanneer die Pers gryp tot metodes soos die verdagmakende stories wat hy uit die deur homself verlate Suiderstem haal, dan voel die opregte brandwag dat sy persoonlike eer asook dié van sy volk daarmee so gemoeid is dat hy uit selfrespek sal weier om nasionale koerante wat tot so 'n peil gedaal het, te lees.**

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 700 **BLOEMFONTEIN** Opgerig 1848

DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL,

Uitgewers en Boekhandelaars

DIE LIEF EN LEED VAN ONS GESLAGSLEWE.

(Deur Prof. D. W. A. Willemse.)

Hierdie is 'n opspraakwekkende boeksensasie: Die eerlikste en moedigste werk in Afrikaans wat oor 'n onderwerp dusver met veel skuheid en preutsheid benader is. Die intiemste aspekte van die menslike geslagslewe. Openhartig en sonder om doekies om die waarheid te draai. Die boek is geskryf in 'n gees van hulpvaardigheid, om aan duisende wat met die lewensbelangrike probleem stry, lig en rigting te gee. Slegs vir volwassenes bedoel.

Prys: 6/6 Posvry.

DIE SUIGELING EN VOORSKOOLSE KIND.

(Deur Mev. M. E. Theron.)

In sy voorwoord sê dr. G. W. Eybers: Hierdie boek is dan ook by uitstek en in die eerste instansie 'n moeder se boek, geskryf deur 'n vrou wat nie alleen ryke ervaring opgedoen het met die versorging en opvoeding van kinders gepaard ook deur 'n moeder wat besondere verstand het van 'n moeder se probleme. Die warm-simaptieke gees waarin sy oor die kind skryf, sal die leser meteens opval. Die hele kind word in oënskou geneem, en daar word ADVIES gegee wat GOUD werd is. Hierdie belangrike werk handel oor die gesondheid en geluk van die moeder, oor die liggaamlike versorging van die klein kind, oor die ontwikkeling van sy persoonlikheid, oor die groei van sy karakter en oor die aankweek van beskaafde lewensgewoontes.

Prys: Slegs 5/6 Posvry.

Bestel van:

Die Afrikaanse Pers-Boekhandel,

Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg.

Schoemannello-Drank

is

DIE SUIWERSTE EN BESTE.

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

	PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels.	PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels.	PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer.
WYNE:			
Fonkelwyn ..	5/-	5/-	—
Lewenswyn ..	3/6	3/6	—
Vermouth ..	2/6	2/6	—
Hanekraai (Cocktail) ..	3/6	3/-	—
Likeurwyn ..	2/-	1/8	—
Jeropiko (Rooi)	1/2	1/-	5/6
(Wit)	1/2	1/-	5/6
Soet Muskadel ..	1/-	11d.	5/-
Port	1/1	11d.	5/-
Worcester Hock	1/-	10d.	4/6
Pontak	1/-	10d.	4/6
Spesiale Sjerrie	10d.	9d.	4/-
Sjerrie	9d.	8d.	3/6
BRANDEWYNE:			
Schoemannello ..	5/9	5/-	26/6
Brandewyn Ekstra Spes.)	5/6	4/9	25/-
F.C.	5/-	4/3	23/-
JENEWER ..	6/-	5/-	—
LIKEURS:			
Kersie-Brandewyn	5/-	4/3	23/-
Anys-Brandewyn	5/-	4/3	23/-
Gemmer-Brandewyn ..	5/-	4/3	23/-
Lemoen-Brandewyn ..	5/-	4/3	23/-
Peperment-Likeur	5/-	4/3	23/-
Van der Hum	5/-	4/3	23/-
JENEWER-LIKEURS:			
Lemoen-Jenewer	6/-	5/-	—
Suurlemoen-Jenewer	6/-	5/-	—

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

Brosjure

met

DIE LEWENSBESKRYWING

van die

KOMMANDANT-GENERAAL

Dr. J. F. J. van RENSBURG

en

DRIE TOESPRAKE

1/3 Posvry

'n Spesiale afslag word aan Kommando's afgestaan wat 'n hoeveelheid bestel om op Byeenkomste te verkoop.

O.B.-HOOFKWARTIER, Kaapland,

Kamer 916,

Groote Kerk-gebou, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 25 FEB. 1942.

Siamese Tweeling Hul Ideaal!

Die waarheid dat die Ossewabrandwag besig is om 'n stryd te voer teen die aanhangers van die afgeleefde liberalistiese stelsels en opvattings, kom weer duidelik uit in dr. Malan se herbevestiging in die Volksraad van die liberalistiese beginsel van gelyke regte tussen die twee sogenaamde seksies van die bevolking. In sy toespraak in die Raad op 12 Februarie het hy herhaal dat hy met sy party „staan by die Akte van Unie," en dat hulle geensins van die beginsel van gelyke regte sal afwyk nie, „al kos dit ook stemme." Met laasgenoemde opmerking het dr. Malan te kenne gegee dat hy 'n beleid voer wat strydig is met die oortuiging van die volk — selfs van dié mense op wie se steun hy nog staat maak, want watter mense se stemme kan hy nog verloor behalwe die wat nog „agter die beproefde volksleier staan?" **Ons het dus hier die ou, ou storie dat die gevoelens van die Afrikanervolk opsy geskuif word terwille van die welwillendheid van die vreemdeling. Dit is maar weer die geval van nee broer, ja vreemdeling.**

In sy hoofartikel van 13 Februarie onderskryf Die Burger hierdie beleid, **en noem die strewe om 'n eenheidstaat te stig met volle erkenning van die Boerenasie, 'n misdaad.** Hy vergelyk dit by die strewe van die Engelse om die Boerenasie te onderdruk, die eeu van onreg, as gevolg waarvan die Afrikaner vandag nog moet veg vir die toepassing van sy taalregte in die praktyk. „Lê daarin vir ons 'n regverdiging om op ons beurt die onreg te pleeg wat teen ons begaan is?" vra die blad.

Ons antwoord hierop is dat ons regverdiging sekerlik nie lê in 'n beginsel van weerwraak nie. Ons is nie van plan om aan die Engelse te doen wat hulle aan ons gedoen het nie. **As ons dit sou wil doen, sal ons in groot getalle na Engeland moet gaan, die eiland verower en die Engelse taal daar belet of op sy minste op gelyke voet plaas met Afrikaans.** Ons regverdiging lê wel tot 'n mate in wat die Engelse doen, maar dan nie wat hulle hier gedoen het of nog doen nie, maar wat hulle **in Engeland** doen, waar hulle een amptelike taal, een amptelike vlag en een kultuur erken; waar hulle Engelse kan wees en soos Engelse kan optree sonder dat daar 'n ander „seksie van die bevolking" is wat daaraan aanstoot sal neem.

Ons regverdiging lê egter in die eerste plaas in die Goddelike ordinansie wat opgesluit lê in die skepping deur God van afsonderlike nasies soos glashelder gestel in Deuteronómium 32 vers 8:

„Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel . . ."

Ons glo dat daar vir elke volk of nasie 'n roeping in die skepping weggelê is. Hierdie roeping vervul die nasie op velerlei wyse maar die belangrikste middel waarmee hy sy roeping in die wêreld kan uitleef, is sy **staat.** Die staat vorm nie alleen die omhulsel en beskermer van die nasionale lewe en kultuur nie, **maar dit is ook die vernaamste kanaal waardeur die nasie hom in die praktyk kan laat geld.**

Om 'n voorbeeld te noem: Ons glo dat die Boerevolk geroepe is om die beskawing in Donker Afrika te dra. Voorwaarde hiervoor is 'n strenge toepassing van die segregasiebeginsel, want anders vervul ons geen roeping nie, maar vervul ons die aarde met 'n bastergeslag. Jy het egter 'n staat nodig om hierdie segregasie toe te pas, **maar hoe kan 'n staat dit doen wat bestaan uit twee nasiegroepe waarvan die een ten gunste van segregasie is en die ander daarteen?** Dit is presies wat gebeur het in ons land met sy beginsel van gelyke regte: ons kon nog nooit 'n ordentlike segregasiewet deurkry nie, **en selfs so 'n growwe skending van die segregasiebeginsel as gemengde huwelike is nog nie deur ons staat belet nie. Waarom nie? Omdat ons vasklee aan die verouderde idee van gelyke regte van die twee „seksies" as gevolg waarvan die Boeretradisie en Boereopvatting nie deur jou staat toegepas kan word nie, want die grootste deel van die ander „seksie" is gekant daarteen. As gevolg van hierdie tweeslagtige beginsel van gelyke regte word die Boer sy reg en plig ontsê om sy deur God gegewe roeping uit te voer.**

Ons glo dat die Engelse volk 'n eie roeping het om uit te voer in Engeland, **maar ons glo beslis nie dat hul roeping daarin geleë is om die Boerevolk die vervulling van sy roeping in sy eie vaderland te belet nie.**

En as daar Afrikaners is wat die verbod aan die Boerenasie om sy roeping in die wêreld te vervul, bepleit op grond van de feit dat die party waaraan hulle behoort vir die afgelope agt-en-twintig jaar die beginsel van gelyke regte voorgestaan het, en dat hierdie besginsel „so oud soos die Party self is," is dit tyd dat die volk ontslae raak van alles waaraan daardie liberalistiese beginsel kleef.

In die wêreld is **enkelinge** geskape en dit is slegs 'n abnormale verskynsel dat twee mense aanmekaar vas gebore is — ons noem dit 'n Siamese tweeling. Waar hierdie verskynsel voorkom, kry jy darem nog twee mense met dieselfde afkoms en tot 'n groot mate dieselfde gevoel. Hoewel sulke mense meer 'n las vir hulself en die samelewing is, kan hulle darem nog saam sing, saam lag en saam huil. Maar gaan bind twee mense aanmekaar met verskillende afkoms, lewensopvatting en gevoel. As die een begrafnis toe beweeg, beur die ander sirkus toe, en as die een wil huil, wil die ander lag. Wat 'n lewe sal dit afgee! **Presies dieselfde gebeur met ons volk. Ons moet ons lewe lank as volk gekoppel word aan 'n vreemde volk, 'n volk wat so verskillend van ons in lewensopvatting en gevoel is dat as ons feesvier, hulle wil huil en as ons kerk toe gaan, hulle sportvelde toe gaan. Deur die liberalistiese beginsel word ons gedwing tot 'n onnatuurlike Siamese tweelingbestaan.** Hierdie .gedrog noem die Partyleiding nou 'n nasionale beginsel, en die strewe om bevry te raak van hierdie onmoontlike toestand, noem hy 'n misdaad!

Ons standpunt moet wees dat die Engelse in ons land 'n brokstuk van 'n oorsese nasie is, en dat aan hulle geen gelyke regte as 'n **nasionale groep** toegesê kan word nie. **Hulle kan geen mandaat ontvang om die roepingsvervulling van die Boerenasie in sy eie vaderland in die wiele te ry nie.** Maar as enkelinge word van hulle verwag om hulle gewig by die Boerevolk in te gooi soos die Kestells, die Frasers en ander Engelse in die dae van die ou Republieke gedoen het. Hulle het volbloed Afrikaners geword.

Diegene van hulle wat nie hiertoe bereid is nie, kan geen grondwetlike status verkry om die Boerestaat tot steriliteit te verneder nie.

Laat Ons Met 'n Daad Protesteer

'n Groot aantal Afrikaners sit vandag al in die Regering se tronke en interneringskampe, en volgens berigte in die pers groei hierdie getalle nog steeds aan. Waaraan hierdie mense skuldig is, weet ons nie en of hul skuld ooit voor die geregshowe bewys sal word, weet ons ook nie. **Wat ons wel weet is dat hulle almal Afrikaners is wat met dieselfde vryheidsgees besiel is as ons agter wie die ystergrendels nog nie toegeslaan het nie. Hulle is een met ons in gees en bloed; hulle staan op dieselfde pad as ons** — die pad wat van die kruin van Slagtersnek af kronkel oor die beendere van manne, vroue en selfs kinders na 'n bestemming wat bereik sal word so seker as wat die daeraa volg op die donker van die nag.

Hierdie pad, die vryheidspad van die Afrikanerdom, is in sy gang gestrem deur uitlandse dwingelandy wat gehoop het om deur middel van geweld en onderdrukking 'n volk te beroof van sy siel. Hoe groter die druk geword het, hoe onkeerbaarder het hierdie gees geword, en selfs na 'n driejarige uitdelgingsoorlog waarin die magte van verraad gepaar is met geweld en vernietiging, moes die Britse Empire erken dat hy met al sy helse magte nie in staat was om hierdie gees oor die tydperk van 'n eeu uit te roei of selfs te temper nie. **Wat hy wel reggekry het, was om hierdie lydensweg van 'n onderdrukte volk deur sy dwang te verhef tot 'n pad van eer.** En vandag staan die slagoffers wat langs hierdie pad gesneuwel het, aangeteken as helde en heldinne wat, deur die offers wat hulle in moeite en swakheid gebring het, ja, wat in sommige gevalle selfs met die yster van misdadigheid gebrandmerk was, geword het die ligtende sterre na ons vryheidstoekoms wat ons perkeloos besiel.

Hierdie voorgangers op die pad van eer het getoon, en in navolging van hulle toon die Afrikanerdom vandag dat mensekrag nie in staat is om die gees te vernietig wat deur God in die stof van sy skepping ingeblaas is nie.

Wat geweld nie tot stand kon bring nie, moes bedrog onder die skyn van liefde en samewerking bewerkstellig, en op 4 September 1939 is hierdie kolossale stuk staatsbedrog vir die Afrikaner op skrikwekkende wyse onthul. **Die vermoë van ons volk is verpand aan 'n uitlandse ryk wat waggel op die pilare van onreg waarop hy gebou is, en in paaiement van bloed moet ons volk vandag teen sy uitdruklike wil bydra ter behoud van 'n stelsel wat deur sy eie ongeregtighede agterhaal word. Teen die versugtinge van sy siel word die Afrikanervolk vandag ingeskuif as 'n borswering om die slae van 'n Goddelike oordeel vir sy veroweraar af te wend.**

Van 'n also vertrapte volk word verwag dat hy die verkragting van sy lewensregte met gelatenheid moet aanskou. En wanneer enkelinge, gedryf deur die gees van nasionalisme, in opstand kom teen hierdie brutale miskenning van 'n natuurreg, is selfs die konstitusionele landswette geen waarborg dat aan hulle reg sal geskied nie. **Inteendeel, manne word in tronke en kampe opgesluit sonder dat 'n sweem van 'n aanklag teen hulle ingebring of ooit bewys word. In die uitoefening van die reg word tot so 'n mate met twee mate gemeet dat ons dit slegs in stomme verslaendheid aanskou. Ons beleef naamlik 'n toestand waarin blote agterdog teen 'n Afrikaner voldoende grond is om hom vir onbeperkte tyd in die gevangenis te werp sonder dat hy weet wat sy misdaad is en deur wie hy aangekla word. Daarenteen word die straf aan vreemdelinge vrygeskeld wie se skuld deur die staat se eie geregshowe vasgestel is.**

As hierdie miskenning van die elementêrste nasionale en persoonlike regte geen grond vir wanhoop is nie, dan is die toestand van wanhoop self 'n blote verdigsel. **Maar dit is geen verdigsel nie. Dit is 'n werklikheid wat hom vandag openbaar in die onheilspellende dade van geweld en sabotasie.** Hierdie dade word seer sekerlik nie deur misdadige avonturiers gepleeg nie, en of ons dit nou al wil erken of nie, hulle is geen rampokkers of anargiste nie; hulle is manne wat miskien nog nooit in hul lewe hulle aan enige reg vergryp het nie, maar gedryf deur dieselfde onstuitbare nasionale gees wat 'n Britse Empire vir anderhalf eeu nie kon vernietig nie, en aangevuur deur 'n siel wat donker is van wanhoop het hul strewe, gepaard met hul protes, nou die stadium van roekeloosheid bereik.

Deur 'n behandeling wat lig as foltering vertolk kan word, sal die Regering slegs help om hierdie lydensweg vir die Afrikaner weer eens te verhoog tot 'n pad van eer wat onkeerbaar kan word in sy aanloklikheid. Niemand anders as die skrywer van 'n Eeu van Onreg sal beter besef hoe maklik 'n galgbalk verhef kan word tot 'n ereboog wanneer daardie galg se skaduwee val oor die pad van 'n volk wat in onkeerbare drang voortmarsjeer na sy vryheid nie.

In 'n land waar wet en geregtigheid 'n mate van rekbaarheid begin toon, kan niemand voorspel wanneer die onheil ook sy deur sal nader nie. **Met die oog hierop en sowel ter voorkoming van verdere uittarting en die gevolge wat noodwendig daarop volg, is die ganse volk nou geroepe om sy geledere te sluit en aan die Regering te toon dat selfs die tronkmure Afrikaner nie van Afrikaner kan skei nie wanneer dit gaan om handhawing van ons hoogste reg.**

Laat ons wat nog buite is, aan daardie volksgenote dink wat in verdrukking verkeer terwille van dieselfde ideaal waarvoor ons almal staan

(Vervolg op bls. 6.)

Opbrekingsbevel Gee Herenigde Party 'n Harde Knou

Talle Ampsdraers Weier Te Bedank As Lede Van Ossewabrandwag

Die suiweringsbevel van die H.N.P.-leiding waarkragtens alle ampsdraers van die Party beveel is om uit die Ossewabrandwag te bedank, het nie sonder pyn vir die party self verloop nie. Hierdie bevel, wat eintlik daarop neerkom dat die Herenigde Party nou self opgebreek moet word, het ten gevolge dat etlike leidende ampsdraers nie alleen hul amp neergelê het nie, maar ook heeltemal uit die party bedank het.

Op alle plekke is hul voorbeeld deur ander ampsdraers en gewone lede van die party gevolg. Op verskeie plekke is die hele tak ontbind. Die bevel het Woensdag, 17 Februarie, van krag geword.

'n Oorsig van die Kaapse Skiereiland toon die volgende:

Die hoofwyksleier van die party in Observatory, wat terselfdertyd ook voorsitter was van die Skiereilandse sirkelkonferensie, het uit die party bedank by geleentheid van 'n vergadering wat op 10 Februarie daar deur adv. F. C. Erasmus en dr. Boltman toegespreek is. Saam met mnr. Heyns het nog 'n twintigtal uit die vergadering gestap.

In Wynberg het die sekretaris van die tak, mnr. Cilliers, reeds 'n rukkie gelede uit die Party bedank en tans het ook 'n paar groepleiers hul bedanking ingedien.

Op Southfield het die wyksleier wat terselfdertyd ook onder-distriksleier is, die party bedank. Verskeie ander ampsdraers wag nog eers op die sirkelkonferensie waarna hulle waarskynlik ook uit die party sal tree.

Op Lotusrivier het die wyksleier saam met verskeie ander ampsdraers en talle lede bedank. Verskeie mense wat uit die O.B. bedank het, het reeds hul spyt oor die stap aan die offisier te kenne gegee en gevra om weer opgeneem te word. Op Kuilsrivier het die voorsitter van die tak, mnr. Fred Brink uitgetree, terwyl op Bellville mnr. E. Loubser geweier het om wyksleier te wees. Baie groepleiers het ook hier hul voorneme om te bedank te kenne gegee.

Op Goodwood is die vergadering baie swak bygewoon, en na verneem word het 'n stuk of vyf groepleiers hul bedanking ingedien.

In die kiesafdeling van die hoofleier van die party het dit vir die party treurig toegegaan. Op Porterville het nege uit vyftien lede van die distriksraad bedank, terwyl die helfte uit die wyksraad bedank het. Dit is opmerklik dat die party hier sy getrouste ondersteuners van baie jare verloor het.

Op 'n vergadering wat deur mnr. P. W Botha, organiserende sekretaris van die H.N.P., gehou is te Vlaeberg op 5 Februarie is die volgende mosie eenparig aangeneem:

„Aangesien die H.N.P. blykbaar nie meer die steun van 'n groot gedeelte van die Afrikaners nodig het nie, besluit hierdie vergadering van Nasionaliste en ook O.B.-lede om uit die H.N.P. te bedank."

'n Mosie van dank aan die spreker en volle vertroue in die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, is eenparig aangeneem.

Volgens berig in Die Burger van 16 Februarie het die distriksraad van die Herenigde Party in Kuruman onder voorsitterskap van mnr. D. Poolman op voorstel van mnr. J. J. Mooreroft met elf stemme teen sewe besluit dat ampsdraers van die party wat nog O.B.-lede is, hul poste sal bly behou tot tyd en wyl die Party hulle van hul ampte onthef.

Die Vaderland berig van honderde lede van die Party wat nou in Transvaal in groepe bedank of hulle aan die partypolitiek onttrek. Op etlike plekke het die partytakke eenvoudig opgehou om te bestaan.

'n Verklaarbare Verskynsel!

Volgens berig in Die Burger van 18 Februarie is 'n interessante vraag onlangs op Richmond aan 'n Ossewabrandwag-generaal op 'n vergadering gevra. Ons weet nie wat die Generaal geantwoord het nie, aangesien Die Burger slegs die vraag sonder die antwoord geplaas het. Hierdie vraag het gelui: „Van waar die wonderlike verskynsel dat dr. Van Rensburg keer op keer openbaar dat hy nie kan saamwerk met dr. Malan nie?"

Hierdie misleide vraesteller sal seker nie die enigste in die land wees vir wie hierdie vraag tot die stadium van 'n probleem gevorder het nie, en ons sal probeer om die verskynsel te verklaar deur 'n paar grepe uit die jongste geskiedenis.

Die botsing tussen die Partyleiding en die Ossewabrandwag het ontstaan nadat die Eenheidskomitee in Junie verlede jaar tot stand gebring is. By geleentheid van die stigting van die komitee **was dr. Van Rensburg een van die manne wat reeds met ander organisasies saamgewerk het.** Saam met verteenwoordigers van daardie ander organisasies het hy dr. Malan genader om ook saam te werk in die komitee, wat dr. Malan eindelik na aansienlike oorweging aanvaar het. Dr. Malan het by sy toetrede die selfstandigheid van al die saamwerkende organisasies gewaarborg. Die doel van die komitee was enersyds om alle geskille tussen die volksorganisasies in der minne te skik. Dit was in die begin van Junie. Nie behoorlik twee maande daarna nie, het dr. Malan in die openbaar 'n aanval op dr. Van Rensburg gedoen na aanleiding van sy toespraak op Elsburg **sonder om die Eenheidskomitee daaroor te raadpleeg.**

Nadat dr. Malan die getwis al in die openbaar aan die gang gesit het, is die Eenheidskomitee eindelik **op versoek van dr. Van Rensburg** byeengeroep, en het die komitee bevind dat dr. Malan dr. Van Rensburg se woorde **verkeerd vertolk het. Dr. Malan het by daardie geleentheid geweier om deel te neem aan die Komitee se beraadslaging.**

Wat die eerste stadium van die stryd betref, het ons dus die verskynsel dat dr. Malan die plegtig ooreengekome samewerking met ander volksorganisasies binne die Eenheidskomitee eenvoudig verbreek het deur (1) **nie sy beskuldiging teen dr. Van Rensburg eers voor die komitee te lê nie, soos die ooreenkoms geverg het; (2) hy geweier het om sy samewerking te verleen om die botsing op te los deur eenvoudig weg te bly van die vergadering; (3) hy daarna hom nie aan die besluite van die Komitee onderwerp het nie, maar voortgegaan het om in stryd met sy plegtige waarborg te eis dat die Ossewabrandwag nou aan die Party onderwerp moet word.**

Hierteenoor het dr. Van Rensburg sy gewilligheid getoon om die hele saak aan die komitee voor te lê deur self te versoek dat die komitee byeengeroep moet word — dr. Malan het verklaar dat dit nie sy werk is om die komitee op te roep nie, en daarom het hy die komitee oor die hoof gesien. Verder het dr. Van Rensburg sy gewilligheid om saam te werk geopenbaar deur die versoek van die komitee uit te voer en toe te gee aan dr. Malan se ultimatum deur die betrokke omsendbrief terug te trek.

Hierna het die voorsitter van die komitee 'n beroep op die betrokke groepe gedoen om 'n volkskongres te hou. **Dr. Van Rensburg het dadelik sy gewilligheid te kenne gegee om hom by so 'n volksuitspraak neer te lê. Dr. Malan weier egter om deel te neem aan so 'n kongres en noem dit inmenging in die Party se eie aangeleenthede.** Kort daarna egter kom dr. Malan self met 'n voorstel wat 'n volkskongres in die vooruitsig stel, maar wel nadat hy (dr. Malan) benoem sou wees as diktator van 'n Nasionale Komitee wat self die komitee saamstel en o.a. ook dr. Van Rensburg as persoon uitnooi om sitting daarop te hê. Prof. Du Plessis het in verband hiermee verklaar dat hierdie oppergesag van die Party in die persoon van dr. Malan die rede was waarom die Nasionale Komitee misluk het, **en van hierdie essensiële punt wou dr. Malan geensins afwyk nie.**

As 'n mens hierdie optrede van dr. Malan in gedagte neem, kom die vraag by jou op **waarom kon dr. Van Rensburg so maklik saamwerk met die ander volksorganisasies, en het elke gesamentlike optrede skipbreuk gely as gevolg van dr. Malan se weiering om ook saam te werk, behalwe in die hoedanigheid as „volksleier"?**

Die beantwoording van die vraag waarom dr. Van Rensburg nooit met dr. Malan kon saamwerk nie, word vergemaklik as 'n mens die oog ook op ander aspekte van ons politieke lewe laat val. Na 4 en 9 September 1939 het dit gelyk of ons eindelik volkseenheid het. Die vreugde was egter kortstondig. Genl. Hertzog is uit die geslote geledere gedruk en die H.N.P.-leiding het beduie dat genl. Hertzog nie bereid was om saam te werk nie. As rede vir sy „afskilfering" is genoem dat hy glo die Engelse se gelyke regte wou beskerm. **Vandag egter veroordeel dr. Malan en sy pers weer die Ossewabrandwag-leiding omdat hulle dan NIE die Engelse se regte wil erken nie. Inderdaad 'n eienaardige toestand van sake!**

Nogtans, nadat genl. Hertzog „geweier het om saam met dr. Malan te werk", is adv. Pirow met 'n aantal volgelinge gedwing om af te skilfer. Ook hulle openbaar die „wonderlike verskynsel" dat hulle nie met dr. Malan kan saamwerk nie.

Ons het dus die wonderlike verskynsel dat genl. Hertzog met sy gevolg dr. Van Rensburg en die O.B., die ander volksorganisasies en uiteindelik ook adv. Pirow en sy volgelinge die een na die ander samewerking met dr. Malan moes staak.

Dit laat 'n mens dink aan die soldaat wat uit pas geraak het met die regiment. Sy trotse ouers het na hom gewys en gesê: „Ons seun is die enigste van die hele regiment wat in pas is!"

Dr. Malan is die enigste leier wat met al die ander saamwerk! Maar dan moet al die ander by hom in sy hok kom inkruip. Ons het egter die wonderlike verskynsel dat 'n halfdosyn manne reeds in die hok was, maar dat een na die ander weer daar uit is. Ons wag die oomblik in spanning af wanneer dr. Malan self uitkom en samewerking op gelyke voet kom soek.

WAARSKUWING AAN KIESERS VAN VRYBURG EN RIVERSDAL

Na verneem word het die Partydiktatuur in Kaapstad teen die uitdruklike besluit van die Vryburgse afdelingsbestuur van die Party beveel dat mnr. J. A. van Wyk, organiserende sekretaris van die H.N.P., as kandidaat vir die Provinsiale tussenverkiesing in Vryburg benoem moet word. Die afdelingsbestuur het reeds besluit dat hulle geen man van buite wil invoer nie.

Mnr. Van Wyk is bekend vir sy vyandigheid teenoor die Ossewabrandwag. Indien die Nasionaliste van Vryburg hom as kandidaat gaan stel, sal hy geen stemme van O.B.-lede in die verkiesing ontvang nie. **Indien 'n Sap verkies word, sal die blaam op die Partyleiding rus.**

In Riversdal is die posisie dieselfde. Mnr Streicher, wat deur die Party as kandidaat benoem was, was vir die Ossewabrandwag heeltemal aanneemlik. Hy is egter deur die Partyleiding oorreed om terug te staan en mnr. P. K. le Roux — wat geen introduksie nodig het nie — is benoem as kandidaat — ook 'n man van buite.

Die Ossewabrandwag het vroegtydig gewaarsku dat vyande van die O.B. nie die steun van O.B.-lede in verkiesings sal ontvang nie. Die O.B. kan nie mense steun wat sy vernietiging beoog nie. Geen O.B.-lid sal dus vir mnr. Le Roux, wat hom so sterk teen die beweging bewyer het, stem nie.

O.B. Almanak
vir 1942

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

PRYS 2/6 POSVRY.

24/- PER DOSYN.

Bestel van

O.B. HOOFKWARTIER,

Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, Tvl.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodigdhede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

Die Laan, Stellenbosch.

Pers Staak Publikasie Van Bedankings

Kan O.B. Se „Swakheid" Nie Met Syfers Bewys Nie

Die Transvaler van 6 Februarie kondig in 'n lang hoofartikel aan dat hy nie meer bedankings uit die Ossewabrandwag gaan publiseer nie. Hy noem verskeie redes, o.a. dat dit nie meer van nut is om die name te plaas nie, aangesien dit geen invloed het op die leiding van die beweging nie. Voorheen was die doel van die name om die beweging tot hervorming te dwing. 'n Ander rede is dat die mense wat bedank blootgestel word aan vervolging, en Die Transvaler is jammer vir hulle.

Die belangrikste rede skyn egter te wees dat **„die enorme verswakking van die O.B. nie gemeet kan word aan die getalle bedankings in die pers nie."** Aldus die blad. Ons glo dat laasgenoemde die eintlike rede is. **Daar was nie genoeg bedankings om aan te toon hoe die Ossewabrandwag „ineenstort" nie. Dit is veel makliker om van 'n verhoog af te beweer dat die Ossewabrandwag dood is as om die bewyse daarvoor te lewer in swart op wit.**

„SOWAT" 3,700

As 'n mens kyk na die finale lys wat Die Transvaler op 'n ander bladsy plaas, kom die rede vir sy staking van publikasie nog sterker uit. **Die blad erken dat tot aan die begin van die wapenstilstand die name „van sowat 2,600 mense" wat uit die O.B. getree het in Die Transvaler gepubliseer is. Sedertdien is die name van „nog meer as 1,100 ontvang".**

Altesame dus, het in Die Transvaler net „sowat" 3.700 bedankings uit die O.B. verskyn — 'n Provinsie waarin meer as 130,000 lede van die Ossewabrandwag was voor die oorlogsverklaring deur die Partyleier.

Hierdie syfers stem dus grotendeels ooreen met adv. Jerling se versekering dat nie twee persent in Transvaal bedank het nie.

Ons kan dus goed verstaan dat Die Transvaler liewer nie meer bedankings wil plaas nie.

Onthou sal word dat Die Burger dieselfde beleid aangekondig het geruime tyd voor die wapenstilstand. „Die verswakking van die O.B. kan nie gemeet word aan die getalle bedankings in die pers nie."

Ons stem saam; dis eerder 'n maatstaf vir die swakheid van die Party!

Laat Ons Met 'n Daad Protesteer

(Vervolg van bls. 4.)

en bereid is om op te offer. **Laat ons toon dat deur hul lot te verlig, ons met 'n daad protesteer teen die pleging van onreg aan 'n volk en sy kinders.** Laat ons hulle ondersteun daar binne in die tronk en laat hul afhanklikes versorg word daarbuite.

Laat ons deur ons vasberade optrede toon dat die pad van Suid-Afrika nie deur berge of moordkoppe of konsentrasiekampe gestuit kon word nie en nog minder deur doringdraad en ystergrendels.

DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydrae in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan *Die O.B.* bekend gemaak.

Erkenning van bydrae in ander provinsies sal later bekend gemaak word.

	£	s.	d.
Reeds erken	578	19	10
Vroue-Kommando, Beaufort-Wes	5	0	0
Vriende, Pinelands	1	5	0
Mediese Vriend, Kaapstad	1	0	0
Mnr. H. de Villiers, Wellington	5	0	0
Mnr. H. P. Ekermans, Maitland	1	0	0
Dr. J. J. du Toit, Upington	2	2	0
Mediese Vriend, Worcester	1	1	0
A. J. de Jager, — Oudtshoorn	25	0	0
L. de Jager, „	25	0	0
J. van Antwerp, „	10	0	0
C. J. Fourie, „	7	10	0
Vriend, „	2	10	0
H. S. Schoeman, „	5	0	0
H. Swart, „	5	0	0
H. W. F. Potgieter, „	5	0	0
A. van der Merwe, „	1	10	0
Volkskas, „	1	1	0
Dr. Lamprecht, „	1	10	6
J. S. Theron (Ds.), „	1	1	0
J. Olivier, „	1	1	0
G. de Jager, „	1	0	0
A. de Jager, „	5	0	0
Vriend, „	1	1	0
Vriend, „	0	5	0
C. A. de Jager, A.J./Seun „	5	0	0
I. Jordaan, „	1	0	0
Vriend, „	0	1	0
J. H. Coetzee, „	0	5	0
J. C. Barnard, „	0	5	0
A. Maree, „	0	5	0
J. Bekker, „	0	1	0
B. Terblanche, „	0	2	6
Vriend, „	0	2	6
Vriend, „	0	5	0
J. G. von Mollendorff, „	0	2	0
P. J. Olivier, „	0	5	0
J. E. Muller, „	0	2	6
T. Venter, „	0	5	0
M. C. Klue, „	0	10	0
J. J. Botes, „	0	5	0
Koos van Rensburg, „	0	5	0
A. J. de Jager, „	1	0	0
C. A. de Jager, „	1	0	0
A. J. Potgieter, „	2	0	0
Skoolseun, Kaapstad	0	5	0
Skooldogter, Stellenbosch	0	5	0
Genl. Barry Lubbe, Clanwilliam	3	7	6
Vredehoek Veldkornetskap, Kaapstad Lys No. 478	10	16	0
F. J. Wykerk, Robertson	2	10	0
Genl. M. F. Smith, Robertson	2	0	0
Vriend, Robertson	0	5	0
Manne- en Vroue-Kommando's, Carnarvon	5	0	0
Vriend, Maitland	0	10	0
Richmond Kommando, Stuterheim	2	2	6
Komgha Kommando, Stutterheim	5	0	0
Hoofkommandantskap Upington, Lys 102	14	7	6
Mnr. P. J. du Plessis, L.V.	5	0	0
Vriend, Montagu	3	0	0
Hoofkommandantskap, Kaapstad	20	0	0
Vriend, Kaapstad	1	0	0
Mnr. E. A. Nel en Gesin, Upington	0	10	6
Mnr. M. T. Toerien, Stellenbosch	10	10	0
Papendorp Vroue-Kommando	2	0	0
J. T. Bezuidenhout, L.V.	1	14	0
Groot totaal	£797	1	10

Die bedrag van £112 uit Oudtshoorn is binne twee uur in die kommando gekollekteer, en is aangestuur as „die eerste paaiement."

DIE
KLEREMAKER
EN
UITRUSTER
VAN
KAAPSTAD

Kotze

Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen

Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

Algemene Handelaars
FOON 5-4294
J. J. DE GOEDE,
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.

Net Een Regmatige Grondslag vir Samewerking met Engelse

Moet Afsonderlike Bestaan as Nasiegroep Naas Boerevolk Prysgee

V.

In ons vorige artikel oor ons vryheidstrewe het ons die noodsaaklikheid beklemtoon dat 'n staat die persoonlikheid en karakter moet dra van die volk wat hy verteenwoordig. Ons het daarop gewys dat ons huidige Suid-Afrikaanse staat kleurloos is ten opsigte van alle volksaangeleenthede en dat ons volk gevolglik nooit sy roeping deur middel van sy staat kan verwesenlik nie. Laat ons vandag die vraagstuk van ons dubbele nasieskap verder ontleed.

Volgens die beleid van die Herenigde Party, soos geopenbaar in sy konstitusie en die jongste uitlatings van sy leiers, staan hierdie party op die beginsel van gelyke regte vir albei nasies in ons land. Hier het ons dus nog die ou standpunt van die tweestroombeleid wat die enigste oplossing van ons sogenaamde rassevraagstuk sien in die erkenning van twee nasies, twee tale, twee kulture en twee volksgevoele. Hierdie rigting baseer sy beleid op die veronderstelling dat 'n eenheid wel moontlik is tussen die twee nasiegroepe op 'n grondslag van vaderlandsliefde alleen. Die oomblik wanneer albei nasies sal uitroep „Suid-Afrika eerste," sal daar volkssowel as politieke eenheid wees, al praat hulle twee tale, handhaaf hulle twee kulture en koester hulle twee lewensbeskouings.

Met fatalistiese skouerophaling sal hierdie mense vir jou sê: Die Engelsman is nou eenmaal in die land en ons moet met hom saamwerk. Die fout wat hier gemaak word, **is dat hierdie mense onder samewerking verstaan alleen dit wat die Engelsman aan ons opgedring het om daaronder te verstaan, nl. die idee dat die enigste soort samewerking dié is waar die Engelsman met behoud van sy volle identiteit en as verteenwoordiger van die Engelse kultuur kan optree.** Indien hy nie as Engelsman met volle erkenning van al wat tot sy kultuur behoort, toegelaat word nie, dan is die enigste ander motief wat aan die Boer se handelwyse toegeskryf word dat hy die Engelsman die land uit wil dryf. Mettertyd het ons begin glo dat die enigste keuse wat daar vir ons is, samewerking met die Engelsman is met volle behoud van sy Britse identiteit, of hom die land uit dryf. Vir die laaste het ons nie kans gesien nie, en gevolglik moes die eerste teen wil en dank aanvaar word

BETER VOORWAARDE

Dat daar 'n ander voorwaarde vir samewerking is, het nooit by ons gedaag nie; en al sou dit gebeur het, sou niemand gewaag het om dit te verkondig nie, uit vrees dat die welwillendheid van die Engelsman verloor sou word.

Die vraag is nou of so 'n eenheid van twee nasies binne dieselfde staat prakties moontlik is. Om hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om eers die verhouding tussen staat en nasie te bepaal. Die geskiedenis leer dat 'n staat eers waarlik aan sy doel beantwoord wanneer sy grense nie kunsmatig getrek word nie, **maar gebaseer is op die natuurlike beginsel van nasionaliteit, d.w.s. vir elke nasie moet daar 'n staat wees. Geen twee state vir een nasie nie, en geen twee nasies vir een staat nie. Die staat moet die omhulsel vorm van die nasionale lewe en kultuur.** Soos die huis die tuiste is van die gesin en dien as beskermer van die gesinslewe, so moet die staat die tuiste wees van die nasie. En net so min as wat daar twee gesinne met gelyke seggenskap in een huis kan lewe, net so min kan twee nasies in vrede saamleef in een staat. So 'n saamlewing is alleen moontlik waar dit die vorm aanneem van baasskap aan die een en knegskap aan die ander kant, dus 'n eenheid in ondergeskiktheid.

As ons die praktyk in ons land in oënskou neem, sal ons bevind dat daar binne die staat geen samewerking in 'n eenheidsorganisasie moontlik is nie, **want met die uiteenlopende en soms botsende lewensbeskouinge van die twee nasies kan geeneen van die twee sy beginsels tot hul reg laat kom nie en moet alle aksie noodwendig lei tot halfheid en halfslagtigheid.**

SKEI AF

Die oplossing in ons samelewing word dan gesoek — en gedeeltelik gevind — in die reeds erkende tweestroombeleid. Dus, 'n eenheid in eweredige afgesonderdheid.

Ons vind hierdie verskynsel op onderwysgebied, waar die toevlug geneem word tot die stelsel van afsonderlike moedertaal-skole, waardeur die jeug van die sogenaamde Suid-Afrikaanse volk in twee afsonderlike kampe opgelei word.

'n Tydlank was daar eenheid op die gebied van die jeugorganisasies, maar dit het 'n mislukking geblyk en die Afrikaner moes sy toevlug neem tot die stigting van 'n eie jeugorganisasie in die vorm van die Voortrekkerbeweging. Ook op die gebied van ons studentelewe moes die twee strome uitmekaar vloei in 'n Nusas en A.N.S. Selfs op ekonomiese gebied, waar stoflike ideale oorwegend is, kon die twee strome nie lank in dieselfde arbeidsorganisasies saamvloei nie, en die Afrikaner het oorgegaan tot die stigting van sy eie vakbonde.

Wanneer dan binne die staat ten opsigte van verskeie aspekte van die gemeenskapslewe 'n eenheid van organisasie onmoontlik blyk, hoe kan verwag word dat die staat self, wat die wydste groepseenheid moet vorm, daardie gewenste samewerking in hom kan verwesenlik?

Soiets skyn alleen moontlik te wees soiank die staat hom vestig op 'n kunsmatige eenheid wat gehandhaaf word alleen deur onkunde en verregaande opoffering aan die kant van een van die groepe. **So 'n staat beantwoord egter nie meer aan sy doel as regshandhawer nie, wat in die eerste plaas tog insluit beskerming van die nasie-eie.**

Dit bring ons tot die gevolgtrekking dat ten opsigte van die staat die oplossing ook gesoek sal moet word in die konsekwente deurvoering van die tweestroombeleid, nl. die stigting van twee afsonderlike state vir die twee nasiegroepe in Suid-Afrika. Soiets is egter heeltemal buite sprake, aangesien dit sal beteken twee state met twee verskillende persoonlike gebiede in dieselfde grondgebied.

ERKEN NET EEN

Die enigste oplossing in die praktyk blyk dan te wees om net een van die twee nasies as die regmatige te erken, en om die ander as vreemdelinge te beskou wat wel in die ou nasie opgelos kan word en deel van die staatsvolk word. Dat dit die enigste oplossing is, lê ook opgesluit in die uitspraak van 'n Natalse Engelssprekende 'n paar jaar gelede. As oud-lid van die Sons of England wat die wanverhouding tussen Engelse en Afrikaners ingesien het, skryf hy die volgende met verwysing na die Franse Hugenote:

„Hulle het nog edeler redes as die Hollanders en Engelse gehad om na Suid-Afrika te kom. Het hulle Franse gebly of geëis dat die Franse Driekleur naas die Hollandse vlag gehys word? Nee, hulle het Boere geword en het besef dat hul enigste tuise hier is. Dit is waar ons Engelse die fout gemaak het: ons het geprobeer om van die Boere Engelse te maak en die vlag van Engeland aan hulle opgedring. Dit was nooit Britse ridderlikheid nie! Die hele oorsaak van die moeilikheid vandag is dat ons nie die voorbeeld van de Hugenote gevolg het nie. Onthou, en laat ons almal hierdie toestand verhelp!"

Sal die Engelse self hierdie fout ooit insien of verbeter solank ons Afrikaners hierdie fout verswyg en selfs vir hulle goedpraat? Solank ons hul afsonderlike voortbestaan hier as 'n „nasionale beginsel" huldig?

VERAFRIKAANS

Afgesien van die Franse Hugenote moes alle Hollanders en Duitsers wat die land binnegekom het die proses van verafrikaansing ondergaan, en binne twee geslagte was hulle volbloed Afrikaners. Op watter grond dan moet die Engelsman 'n bevoorregte posisie beklee deur sy Britse kultuur en alles wat daaraan kleef, hier in ons land voort te plant? Daar kan slegs twee gronde genoem word: die eerste is die feit dat Engeland Suid-Afrika met geweld verower het. Mag was egter nog nooit reg nie en sal dit ook nooit word nie. Dit is dus geen regsgrond nie. Die ander is dat die Engelse se getalsterkte 'n beroep op 'n eie nasionaliteit doen. Afgesien van die eersgenoemde feit, wat al dadelik hierdie getalle van alle regskrag ontbloot, het getalle nog nooit die verbreking van 'n regsbeginsel geregverdig nie. Of daar nou een of honderd misdadigers in 'n huis inbreek, daardie huis bly die eiendom van die regmatige eienaar.

Die persoon wat dus pleit vir die afsonderlike voortbestaan van die Engelse nasie in Suid-Afrika pleit vir die bestendiging van 'n onreg en 'n ewige verbod aan die Boerenasie om sy plek in die volkerewêreld in te neem. Want hoe kan hy, as hy ewig moet worstel om maar by benadering 'n halwe plekkie binne sy staat in te neem, sy roeping in die volkerewêreld daarbuite vervul deur middel van 'n eie staat, wat tog immers die hoogste middel is om sy roeping mee te vervul?

VOLKSKAS
IS U EIE

BANK!
Fondse oorskry £1,500,000.
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

W. VOIGT BPK.,
HUGENOOT.
Fabrikante van . . .
Kelder en Besproeiings
Masjienerie,
Sleepwaens,
Boerewaens, Ens., Ens.
Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

Aan die Penkoppe

Eer Jul Grond

„Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." So word daar by ons begrafnis gesê. En so is dit ook.

Die mens kan nie klaarkom sonder grond nie. Hy lewe mos van diere en plante en water en al daardie dinge is afhanklik van die grond. Het julle al ooit daaraan gedink? En het julle al opgelet dat waar die grond vrugbaar is en goed bewerk word, daar is die mense ook welvarend, gelukkig en vooruitstrewend?

Ja, die mens is eintlik maar 'n deel van die grond, 'n deel van die bodem van die land waar hy gebore is, van sy Vaderland. Dit is daarom dat hy daardie Vaderland, daardie grond van hom, met sy lewe sal verdedig teen enige indringer. So was dit toe die mens nog 'n jagter was. Toe het hy sy jagveld verdedig teen vreemde stamme. En toe hy 'n veeboer was, het hy sy weiveld verdedig. Vandag beteken die grond vir hom nog net soveel. Daarom het die Afrikaner sy Vaderland ook so lief — was sy voorouers dan nie boere nie en is die meeste Afrikaners dan nie vandag nog boere nie? Daarom word die Afrikaner mos ook sommer Boer genoem. En hy is baie trots op daardie naam.

Penkoppe, laat ons onthou dat die grond van ons Vaderland aan ons, die Boere, behoort en dat ons daardie grond moet bemin, moet oppas en goed bewerk as ons wil voortbestaan as 'n volk. As ons grond uit ons hande raak en in die hande van Jode en vreemdelinge kom, sal ons armer en swakker wees. Ons sal maar net slawe in ons eie Vaderland word. Die Afrikaner moet steeds meer na die stede trek om daar werk te soek en daar moet hy sy bes doen om vooruit te kom, maar hy moet ook baas bly van die grond. Solank as ons 'n sterk boerevolk het, sal die toekoms van die Afrikaner veilig wees. Laat ons dus ons boere eer en laat ons ons grond eer.

Neem 'n hand vol grond in jou hand, kyk daarna — dit is **jou** grond en geen ander nasie s'n nie. Is dit nie 'n wonderlike gedagte nie? Op daardie grond het miskien die voetspore gelê van kinders van honderd jaar gelede; daar het miskien van hul bloed geval toe hulle vermoor is deur barbare; of miskien het op daardie grond in jou hand die bloed geval van 'n dapper boerseun wat in die Engelse oorlog in ons land doodgeskiet is. Wie weet?

Daarom is die boodskap van die Vaderland aan elke Penkop: Eer die grond waarop jy loop. Die grond van jou Vaderland moet vir jou heilig wees. Jy moet dit met jou lewe verdedig indien nodig.

Offisiere Stap 20 Myl Na 'n Vergadering

VOORBEELD VAN TROU EN DISSIPLINE

Uit George word berig van 'n voorbeeld van offervaardigheid en dissipline wat aan die vyande van die Ossewabrandwag behoort te toon dat hierdie organisasie met 'n lewenskrag bedeeld is wat deur nêg lasterveldtogte nòg onderdrukkingsmaatreëls vernietig kan word.

Op 14 Februarie het hoofkommandant J. A. Hurter 'n offisiersvergadering van die Knysnakommandantskap toegespreek. Op die vergadering was teenwoordig veldkornet Westraad en assistent-veldkornet Rossouw. **Albei van hulle moes 'n afstand van twintig myl stap om by 'n motor te kom en daarvandaan bykans nog vyftig myl ry saam met 'n vriend. Die terugreis was natuurlik net so veeleisend.**

Toe die Hoofkommandant aan hulle vra of hulle ooit geaarsel het om te kom, was die antwoord: **„Kommandant, ons het die bevel gekry en dadelik in die pad geval. Daar was niks om oor te dink of te twyfel nie."**

Voor sulke opoffering en getrouheid verdwyn die kleinlike gekeffer van ons vyande soos mis voor die son.

Ons bring hulde aan sulke manne!

KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD
Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

AFRIKANER-KLEREMAKER!
Foon 5-1486
Vir u volgende Pak — Billike Pryse
Werk Gewaarborg — Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

NAAMSTEMPELS
GAAN u na Universiteit of Kosskool, dan moet u wasgoed gemerk word. Bestel dadelik 'n NAAMSTEMPEL met onuitwisbare ink, 9/- posvry, en 'n SERVETRING met u naam uitgegraveer vir 7/9 posvry, vanaf
TAFELBERG INDUSTRIEË,
Kohlingstraat 16. KAAPSTAD.

KAROO-MIS
EGTE BOSSIEVELD DROË FYN
KAROO-KRAALMIS
1 ton en meer 27/-
20 ton en meer 26/-
40 ton en meer 25/-
In klante se sakke 18/-
Bostaande pryse per ton van **twaalf** goeie sakke, gelewer Uniestasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaal, spesiaal voorberei vir enige kunsmistoestel. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld; geen onkruid. Monsters op aanvraag. Beste gehalte onbewerkte mis 8/6 per ton, £4-13-6. ES trok gelewer aan bona fide boere. Onmiddellike aflewering.
K.m.b. of k.b.a.
B. J. ROODE,
Posbus 15, KLIPPLAAT.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
alle moderne geriewe
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
Ons Ontmoet alle Treine.
Kloofstraat, Kaapstad.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.
Beste Heersende Pryse.
MINNAAR & VAN SCHOOR.
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.
Geniet die vrug van u arbeid; plant die beste gehalte bome.
JUBILEUM Perske — ons gevierde „Kersfees-Elberta", enorme draer wanneer ander soorte misluk. 3/6 elk; £7-10-0 per 100.
HELHOLDT'S X.B. Die nuwe Januarie-inmaakgeelperske. £8-10-0 per 100.
Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elberta, Appelkose, Pruime, Nektariene, vanaf 1/- elk. Pere, Kersies, Moerbei, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruiwe. Pragversamelings ROSE, Palms, Sierstruike.
Bespreek bestellings nou. Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis.

SKOUBURG
Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
SATERDAG, 28 FEB.
om 3 en 8.15 n.m.
TEX RITTER
in
WHERE THE BUFFALO ROAM.
Voorprogram:
Ons Eie Program — Afrikaanse Klankfilm en Byprogram.
Plekbespreking by Uniewinkels.

DIE VOORTREKKERWINKEL
Eienaars: J. C. Fick en Kuhn.
Voorsien u van alle
KRUIDENIERSWARE
VOORTREKKERWEG - - - - PAROW.

VLAE
Besit U 'n O.B. Vlag?
Die Kaaplandse Hoofkwartier bied aan:
Kommando Vlag £1-15-0
Motorvlag 2-6
Fietsvlag 1-3
Kontant met Bestelling.
O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.
Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

O.B.-Skryfblokke
Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.
Bestel by:
O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.
Kamer 916,
GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.

ONS het nou DIE O.B.-VAANDEL met die wapen in kleure daarop in voorraad.
BESTEL onmiddelik. Geen Kommando behoort sonder hierdie pragtige VAANDEL te wees nie.
Prys: 35/- Posvry.
Kontant met Bestelling.
O.B.-HOOFKANTOOR
KAAPLAND,
Kamer 916,
Groote Kerk-gebou, Kaapstad.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-